

Maandag 1 November

Skrifgedeelte: Jesaja 1

Fokusgedeelte: Jesaja 1:4

God se genade vir sy kind is menslik onlogies

Jesaja is die evangelis van die Ou Testament. Onthou: “evangelie” beteken “blye boodskap”. As ons die vier Evangelies in die Nuwe Testament in een sin moet saamvat, kan dit só lees: “Die geskiedenis van hoe Jesus Christus gesterf het om sondaars te red.”

Jesaja sê wat die Here hom sê om te sê. Die woord wat vertaal is met “gesig/openbaring/visioen” beteken dat God ’n mens gebruik het om sy boodskap oor te dra.

Regdeur Jesaja 1 lees ons die verkeerde van die mens. Ja, hulle bring offers en bydraes, maar in wese is hulle sleg: hulle is in alle opsigte aan die Here ongehoorsaam. Vers 2 sê duidelik dat God aan die volk die regte godsdienstige opvoeding gegee het, en vers 3 die mens se reaksie op die opvoeding. Die gevolg word in vers 4 uitgestippel: Wee julle. Ellendig is julle.

Ons moet opmerk dat God nie verkeerd doen nie – die mens doen verkeerd. In die woordjie “Wee/ellendig” is dit duidelik dat daar vir die mens geen hoop is nie, juis omdat die mens die band met sy God afgeknip het, vernietig het.

In vers 4 lees ons ’n Naam vir God wat Jesaja 25 keer gebruik: “Heilige van Israel.” Ons sien die volle betekenis van hierdie Naam as ons Johannes 6 lees: Jesus vermeerder brood en vissies, derduisende word gevoed. As Hy egter die volgende dag die betekenis van die wonderwerk preek, uitspel dat hulle ’n verantwoordelikheid het om reg teenoor God te leef, draai hulle hul rug op hom. Die massas loop. 12 bly oor waarvan een ’n verraaier is. As Jesus vra waarom die laaste 12 nie ook gaan nie, volg die pragtige belydenis. Simon Petrus het Hom geantwoord: “Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde wat ewige lewe gee. En ons glo vas en ons weet dat U die Heilige van God is.”

Dis menslik onlogies dat Jesus WIL sterf vir mense wat van Hom weggaan, Hom verag, Hom verwerp. Jesaja 1 noem elke sonde by die naam – dade van opstand en verwerping. Die Heilige van Israel doen die onlogiese: Hy sterf vir sondaars. Hy sterf vir jou! Dis die evangeliebodskap van Jesaja – ook aan jou.

Sing: Psalm 130-1:2

Dr. HF van Wyk (Hennie) (Christiana/Bloemhof)